Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

# INFO 18/2024

22 November 2024

## Van die skoolhoof

*Liewe GSDP-gemeenskap*

**Verlossing**

***"…en sy het haar eersgebore Seun gebaar…" (Lukas 2:7a)***

Lukas skryf 'n betroubare verhaal met detail wat deur ooggetuies gestaaf word. Ons lees wie die leiers van die tyd was en waar dit plaasgevind het. Lukas ken sy bronne en gee 'n getroue getuienis.

Hy skryf met oortuiging en doelgerigtheid: "sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is." (Luk1:4) Die Evangelie volgens Lukas is eerstens om vir Theófilus, die versekering te gee dat die verhaal die waarheid is wat die wêreldgeskiedenis vir ewig verander. Die manier wat Lukas gebruik om die Evangelie te vertel, gee aan ons sekerheid oor God se redding in Jesus Christus.

Die wêreld in die tyd wat Lukas skryf, is aan die verander. Keiser Augustus vaardig 'n dekreet uit dat almal in sy ryk getel moet word. Die 'eerbiedwaardige' maak 'n besluit en almal gee ag. Maar wie is regtig in beheer? Want hierdie besluit laat ook toe dat Josef en sy verloofde Maria, na Betlehem gaan om getel te word. Is dit nie die mees Eerbiedwaardige wat die besluit geneem het nie, God wat heers oor hemel en aarde?

Maria is gehoorsaam en gaan saam met Josef, met vertroue op God se leiding en God se plan, na Bethlehem.

Dan gebeur iets belangrik. 'n Oomblik in tyd wanneer die belangrikste gebeurtenis plaasvind. In Lukas 2:6-7a lees ons: "En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore Seun gebaar…" In Betlehem is God se Seun uit 'n vrou gebore. Die Here van ewigheid het aarde toe gekom in die vorm van 'n Baba. Die geboorte, wat in hierdie lewe ryk gevier word met liggies en geskenke, is die eerste stap om Hom tot mens te laat verneder.

Hier begin die Evangelie ook. Dit gaan nie oor hoe oulik en aanloklik die beeld van die klein Babatjie in die krip mag wees nie. God skryf reddingsgeskiedenis hier. Christus kom aarde toe om te vervul wat geen mens ooit kan doen nie. Die redding het begin. Wat al van ewigheid bepaal is, gebeur hier volgens die volheid van die tyd.

Christus het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mense gelyk geword, so staan dit in Filippense 2:7, dit is in wese waaroor Kersfees gaan.

Ook ons ervaar die Kersseisoen, die liggies en geskenke. Mag ons mekaar egter vashou aan die wete dat Kersfees gaan oor God se Redding, dat Hy sy Seun vir ons gegee het. Laat dit ons vul met nederige dankbaarheid en dat ons hieroor in aanbidding sal buig.

'n Geseënde vakansietyd word elkeen toegewens. Mag die Here julle bewaar tot ons in Januarie weer ontmoet.

*Vriendelike groete*

Saskia Meijer



## Beplanner

- **22 Nov:** Gr. 3-wisseldag
- **29 Nov:** Afsluiting in kerk om 7:35
- **29 Nov:** Skool sluit om 11:00 vir leerlinge
- **6 Des:** Rapporte uit na leerlinge
- **6 Des:** Skool sluit vir onderwysers
- **14 Jan:** Skool heropen vir personeel
- **15 Jan:** Skool heropen vir leerlinge
- **16 Jan:** Matriekgesprek
- **17 Jan:** Leierskapkursus Gr. 7
- **18 Jan:** Huissport HS en LS
- **20 Jan:** Inligtingsaand Gr. 4-7
- **21 Jan:** Inligtingsaand Gr. 1-3
- **22 Jan:** Inligtingsaand KS
- **23 Jan:** Inligtingsaand HS

# Laaste dag – reëlings: 29 November 2024

Afsluiting in kerk om **7:35** - leerlinge moet asseblief **skooldrag** aantrek, en nie sosiale drag nie.

Na die afsluiting gaan alle leerlinge hul **handboeke** by die betrokke vakonderwysers inhandig.

Die **eksamensessie** begin sodra al die handboeke ingehandig is, hopelik teen **9:30.** Sodra 'n betrokke graad se eksamen afgehandel is, mag die **hoërskoolleerlinge** verdaag.

Die **laerskool** verdaag om **11:00**.



## Rapporte

Rapporte word op **6 Desember** uitgedeel vanaf **8:00 tot 9:00**. Indien u of u kind nie self die rapport kan kom afhaal nie, tref asseblief 'n **reëling** met die betrokke voogonderwyser. Ons kan nie sonder 'n reëling van die ouer die rapport aan iemand anders gee nie.

## Herwinning

Ons skool se **papierprojek** het hervat en ons wil graag leerders se **ou boeke** ingee vir herwinning. Die skool kry ook 'n bedrag hiervoor.

Bring asb. alle ou skrifte en invulboeke op **6 Desember** (as rapporte uitgedeel word) skool toe.

**NEEM KENNIS:**
📌Dit moet **wit** papier wees (kan kleur op gedruk hê).
📌**Geen gekleurde** papier/karton nie.
📌**Geen gelamineerde** papier nie.
📌 Haal **plastiek en ringetjies** af sodat dit slegs papier is.
📌 **'Staples'** is nie 'n probleem nie.

Baie dankie vir julle samewerking om papier te herwin!

# SKOOLDRAG

Daar heers soms onsekerheid oor ons **skooldrag**. Om dit vir u makliker te maak is daar 'n bladsy op die webtuiste geskep waar die klere deur modelle **vertoon** word.

Om **pryse** en **grootte-opsies** te besigtig, beweeg die muiswyser (mouse cursor) oor die item en kliek dan op die kledingstuk om na **Totiusdal Handelshuis** se webtuiste te gaan. Al die items se pryse is duidelik aangebring en vir u gerief kan u dit ook **aanlyn** bestel.





**Konsert USB-stokkies** kan teen **R100** bestel word. Bestel voor **29 November** op die skakel op die Whatsapp-groepe. U ontvang dit op **6 Desember** saam met die rapporte.

# Klerebank

Die Laerskool het 'n redelike hoeveelheid **tweedehandse klere**. Maak 'n afspraak met die kantoor indien u dit wil besigtig. Die hoërskool se tweedehandse klere is tans beperk, maar u is welkom om dit ook te besigtig.

Ons doen ook 'n beroep op u om skooldrag wat in 'n goeie toestand is vir die **klerebank** te skenk. So help ons mekaar om die uitgawes bekostigbaar te hou.

Goeie nuus! **2025** se kalender is tot en met Oktober 2025 op die webtuiste gelaai. Gaan loer dus op die **webtuiste** om 2025 se kalender met jul gesin se beplanning te sinkroniseer.

# Hartlik welkom aan twee nuwe onderwysers wat in **2025** by ons span aansluit!

## Lara Scheepers: Graad 4 – 7 Engels




Lara het opgegroei in Tzaneen en is ook haar lewe lank lidmaat van die **GK Laeveld**. Sy is verloof aan Philip Botha, 'n lidmaat van **GK Meintjieskop** waar sy ook na haar verhuising sal aansluit.

Sy is tans by Laerskool Tzaneen waar sy vir 18 klasse moet skoolhou. Hiervan is 11 klasse Engels. Sy is opgewonde om by **Dirk Postma** die geleentheid te kry om te mag skoolhou waar die Bybel as riglyn vir elke vak dien.

Sy het 'n passie vir tale en kuns, blink uit in ballet en geniet sport.

## Sanmarie Venter: Gr 8 Bybel en voog, Gr 10 en 11 Besigheidstudies



Sanmari is getroud met ds. Lourens Venter, hulle is die predikantspaar by **GK Centurion.**

Hulle het 4 dogters wat ook almal by **Dirk Postma** aansluit, 'n tweeling naamlik Wilmie en Annemé in gr 8, Luanri in gr 5 en Hanné in die kleuterskool.

Sy is 'n energieke entoesiastiese persoon wat opgelei is in Verbruikerswetenskappe en verwante vakke. Besigheidstudies sluit mooi daarby aan. **Gereformeerde Onderwys** is vir haar baie belangrik en hulle is dankbaar dat hulle ook hul kinders in Dirk Postma kan inskryf.


Dra by om die **medegelowiges** wat **verbondsonderwys** begeer, maar om een of ander rede verhinder word, **finansieel** ten opsigte van hulle **skoolfooie** by te staan.
Gereformeerde Skool Dirk Postma
Wees sterk en vol moed
GSDP-HULPFONDS
Doen 'n oorbetaling of besoek ons webtuiste vir meer inligting.
BANKBESONDERHEDE:
Absa tjek: 90159801
Gereformeerde skoolvereniging dirk postma
Verwysing:
voorletters en van - hulpfonds


RAAK ONTSLAE VAN JOU OU
OU SKRYFBEHOEFTES!
Het jy **ou potlode** en **penne** wat jou pennesakkie vol maak?
Is daar 'n **ekstra skêr** wat ammunisie in jou broer se hande is?
Wat van daardie **uitveër** wat uitvee wanneer hy nie moet nie?
ONS HET 'N OPLOSSING! !
Bring jou ou skryfbehoeftes saam op die laaste dag van skool en handig dit by juf. Lorain in.
Wees sterk en vol moed
Maak 'n kind by Tshwane Christian School se hart bly
DEUR VIR HUL SKRYFBEHOEFTES TE GEE.

## Atletiekoefening afgesluit

As gevolg van die eksamen en uitkomtye in eksamentyd, gaan daar nie meer **atletiekoefening** na skool in 2024 wees nie.

Atlete moet asb. op hulle eie **fiks** bly.

Moenie dat die **huissport** julle onkant en onfiks vang nie, dit is al die 18de Januarie.

Kyk ook na die **beskrywing** van die atletiek se Whatsapp-groep. Die **inskrywings** vir die huissport word daar gedeel.


## Atletiek:
## Voorlopige oefentye vir die Laerskool

Donderdag, **16 Januarie 2025**.

Daarna elke **Dinsdag** en **Donderdag** tot en met die ICO-byeenkoms.

**Oefentye:**
**Juniors** – 13:00-13:30
**Seniors** – 13:30–14:15





labels4school.co.za

Labels4School is partnering with Gereformeerde Skool Dirk Postma to provide parents with quality, personalised labels that last.

## Get 15% off EVERYTHING on our website




## Use this discount code at checkout

## **"DirkPostma15"**

## Visit www.labels4school.co.za

Free delivery for orders over R750

* Pargo Click and Collect for R65,
* Home delivery (Main Areas) for R75 or
* Home delivery (Outlying Areas) for R99

*Discount valid for Dirk Postma Skool parents only.*

www.l4s.co.za

# BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND

as deel van 'n fondsinsamelingsprojek saam met **GSDP**!




Gegrond word deur twee oudleerlinge bedryf.

**'n Deel van die wins word aan die skool geskenk.**

Bestellings kan elke **eerste Vrydag** van 'n maand by die skool afgehaal word.

GEGROND
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED

Bestel by: https://gegrond.co.za/gsdp/

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- **Vraestelle met Memo's @ R130**
- **Nifty Notas @ R130**

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- **Nifty Notas @ R130**
- **Flashy Flitskaarte @ R70**
- **Vraestelle met memo's @ R130**

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

**Afleweringskostes @ R120**







# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

*** Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130**

**Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!**

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

*** Snazzy Summaries @ R130**
*** Flashy Flashcards @ R70**
*** Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130**

**All the Science goodies @ R300**

**Courier Costs @ R120**


**https://wenwetenskap.co.za**

**Helena - 0845103373**

**hverwey@absamail.co.za**

# Snapscan Kodes

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP-SKOOLFONDS**

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die “snapscan”-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP-BOUFONDS**

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na “Get a MySchool card now”. Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

